# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50** **Nr 21** **8 Junie 2025**


# Die wonder van geloof!

Elke gelowige van die ware kerk staan op ’n tyd en antwoord “*ja*” voor ons God en die gemeente. Hierdie belofte dra dan ook sy eie gewig oor as ’n amp. Ons amp tot toewyding en evangelisasie. Die amp van elke gelowige.

Met tyd kan ons begin lou raak in ons amp en soms ook heeltemal oorgee in onsself. Ons weet ons is gered, maar tog probeer ons self die leisels neem en in ons eie kragte glo. Besef ons nog elke dag die krag van die geloof?

Menigmaal in ons evangelisasie wil ons self ‘n persoon tot bekering bring en maak ons staat op ons woorde. Ons vergeet dat die mag om ’n persoon se hart te verander lê nie in onsself nie, maar in die Heilige Gees. In die geskiedenis van Lidia het ons dit gelees: “ ...*Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak*...” (Handelinge 16: 9-15). By die prediking word dit telkens bevestig, want onder die prediking - groei die geloof.

Wanneer ons sterk staan in die geloof in volle afhanklikheid van God, besef ons weer dat ons nie werk van die Heilige Gees kan doen nie. Slegs die Gees kan mense se harte verander. Die amp van elke belydende lidmaat is om te volhard in die geloof en om die Woord te verkondig, suiwer – so sê die Here, Here. Daarna is dit verder ons amp om aan te hou glo, dat as dit die wil van God is, sal daar ware bekering wees.

Ons kan ander bemoedig in nood en ellende in die Naam van God, en weet ons woorde mag dalk na woorde klink, maar agter dit werk die Gees. Gaan jubelend die dag in, want jy het dié wonder!

Oudl Didrich Tereblanch

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure: **Ma-Do** 08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 13, Ps 25-1:2 Volgende week: **geen**

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Emeritaatsversoring** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Instituut vir Christelike Onderwys** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Jun | Melissa | Smith | B10 | 0823844293 |
| | Willie | Stodart | C03 | 0721506464 |
| | Casper | vd Walt | C15 | 0614584551 |
| 09-Jun | Casper | Venter | B08 | 0828536637 |
| | Karin | Verreynne | C11 | 0829555369 |
| | Rudie | Vorster | A16 | 0647599366 |
| 10-Jun | MJ | Erasmus | A10 | 0846741108 |
| | Lucia | van Wyk | C02 | 0834495679 |
| 11-Jun | Edmund | de Beer | A11 | 0761197018 |
| | Riana | v Jaarsveld | B03 | 0828516869 |
| 12-Jun | Wynter | du Plooy | B10 | 0825252169 |
| | Jan | Guldemond | A01 | 0834007598 |
| | Ellie | Klöckner | E01 | 0829287802 |
| | Elise | Snyman | C14 | 0844911947 |
| | Henk | vd Mescht | B09 | 0843060199 |
| | Anne-Marie | Venter | C11 | 0836448080 |
| 13-Jun | Janneke | Wessels | C12 | 0718985900 |
| 14-Jun | Dries | Cronje | C01 | 0726180950 |
| | Jade | Cronje | A16 | 0765559632 |
| | Wander | Faber | C07 | 0845481860 |
| | Ronell | Hoogenboezem | A03 | 0832923534 |
| | Talita | Jacobs | C14 | 0823258834 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8 Jun | Chrisjan | vd Smit | B06 | 0828472204 |
| 9 Jun | Ilnah | v Wyk | B15 | 0766487423 |
| | Jané | Venter | C10 | 0723803963 |
| 10 Jun | Cornell | Engelbrecht | A14 | 0726981649 |
| 12 Jun | Xander | du Preez | A01 | 0734443444 |
| | Mila | Kruger | A18 | 0649039993 |
| 14 Jun | Antoine | van Rooy | C13 | 0823452759 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Arista vd Berg sterk aan na 'n kanker prosedure (B15 - 082 325 6112).
- Lou Venter het 'n draai in die hospitaal gemaak met hartprobleme (C11 - 083 644 8080).
- Rika Hoffman ondergaan komende week 'n heupoperasie (A6 - 072 691 7675).
- Riaan Prinsloo sterk aan na 'n heupoperasie in Nelspruit hospitaal (B11 - 066 357 6844).
- ***Meelewing*** word betuig met Shaun en Erika Fireson na die afsterwe van Shaun se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

- Cas en Hanneke Swanepoel met die doop vanoggend van CP.

## Beroepe aanvaar

Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Waterkloofrand.

**Waar God lei, sal Hy voorsien**

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:


https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkma-sjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

Jhd Water Purification (Pty) Ltd. Ons installeer, herstel en diens alle tipe **water suiweraars**. John du Plessis 079 460 7774/ johnduplessis39@ gmail.com.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.




**Nog 'n paar boeke beskikbaar by die kerkkantoor @ R130.**
Bring asb die korrekte kleingeld of EVT bewys.

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin weer:

**29 Jul om 18:30 in die Konsistorie.**

Bevestig asb met ds Maarten 072 143 1855 of die Kerkkantoor 012 664 2614 indien jy dit wil bywoon.

## Kameeldrift damesoggend

23 Augustus 2025

GESAMENTLIKE UITREIKAKSIE VAN PRETORIA-GEMEENTES
TEN BATE VAN
PRESIDENT KRUGER KINDERHUISE

Venue: Jonibach Sportsentrum,
Eeufeesstraat 377, Pretoria Noord.
Tyd: 08:30 vir 09:00

MC & Spreker: Lizz Meiring
Gaskunstenaar: Coenie de Villiers

TAFELDEKTEMA: Kies EEN oorspronklike Afrikaanse WOORD en dek jou tafel daarvolgens.

- Volledige dek en versier van die teetafel vir 23 Augustus 2025
- Eet- en drinkgoed vir koek en tee vir 12 dames
- Verkoop van 11 kaartjies @ R230.00 per kaartjie
- Die gasvrou se kaartjie is komplimentêr
- Volledige besonderhede vir die gasvrou sal op versoek gestuur word.

Kontak asb vir Petro 082 790 2244 voor 17 Junie 2025 indien u wil bywoon/'n gasvrou wil wees

## Jag-vir-jou-Kerk



Die jagseisoen is oop!!

Ondersteun die Diakonie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219






## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**8 Jun**

Lize Dekker (sameroeper)

Graad 1



**15 Jun**

Lize Johl (sameroeper)

Juventis

## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

600g T-been steaks @ R100 elk

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219

## Geen katkisasie - 15 Julie

Die skedulering van die katkisasie tydens die afgelope kwartaal was maar moeilik, veral met die baie langnaweke. Oorspronklik het ons dus wel 'n les vir 15 Junie beplan, maar die les word uitgestel tot 22 Junie.

- 15 Jun – geen katkisasie (langnaweek)
- 22 Jun – Les 14
- Bybelvasvra vir die tweede kwartaal verval.

Pieter vd Dussen 082 416 7188

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R525 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Julie 2025. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 16 Junie 2025**



**Belangrike kennisgewing:**

Die **Wyse Gryses** se byeenkoms van ~~9 Junie~~ word verskuif na:



(DV) Maandag **23 Junie**

om **12:00**

in die kerksaal.

Ons gaan dan ons jaarlikse sop, broodjies en sjerrie geniet!

Ons sien uit na 'n gesellige kuier voordat die wintervakansie begin.

Almal hartlik welkom!



**Jan die Koperkan**

Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologie studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings wanneer u eredienste bywoon.

**Young Mog Song**
Ds. Maarten en Phia. Hoe gaan dit? Ek wens die Centurion Gereformeerde Kerk geluk met die 50ste bestaansjaar vanuit Suid Korea. Ek dank die Here dat my familie deel van daardie wonderlik gemeente was, en ek bid dat dit sal aanhou groei as 'n sendingkerk tot die tyd van die wederkoms van ons Here Jesus. Met liefe. Song, Junga, Jenny, en Calvyn.

# Liturgiese Riglyne

## PINKSTERSONDAG

## S O N D A G O G G E N D 09:00

# Herstel tot gemeente van die Heilige Gees

**Skriflesing:**
Handelinge 2:1-47
Efesiërs 3:16-19 (1983)

**Teksvers**:
Hand 2:41-47

**Sing:**
Ps 118:12,14
Sb 12-3:1-4
Ps 51:1
Sb 16-1:1-3
Sb 14-1:1
Sb 8-1:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Vandag vier ons die Pinksterfees op die kerklike kalender. Ons gedenk met groot dankbaarheid die vervulling van die belofte van die beloofde Trooster (Hand 2).

Kyk ons na die hoofstuk van die uitstorting van die Gees dan sien ons hoe daardie eerste gemeente gelyk en gewerk het.

Mag ons nog sulke tekens van die ware Kerk van Christus vertoon!

## S O N D A G A A N D 18:00

# Innerlike groeikrag

**Skriflesing:**
Efesiërs 3:16-19
(1983)

**Teksvers**:
Efes 3:15

**Sing:**
Ps 118:12,14
Ps 84:4,5
Sb 14-1:1,2,3
Sb10
Ps 89:6,7
Sb13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

In die kerklike Feesjaar val Pinkster op die Sondag tien dae nà die Hemelvaart. In die gees van die genadegawe van Pinkster bid Paul hierdie gebed.

Jy kan al die wette en letters ken en onthou en stiptelik volg, jy kan al die tradisies ken en slaafs uitvoer, maar sonder die innerlike vernuwing van die Heilige Gees bly dit net oppervlakkige, waardelose en kragtelose godsdiens.

Kom ons bid hierdie gebed vir onsself en ons gemeente.